

Die subsidie word toegeken deur die Universele Diens- en Toegangsgeselskap van Suid-Afrika (Usaasa), 'n regeringsagentskap met die mandaat om subsidies vir dekodeerkassies uit te reik.

22. Wat is die koste van die dekodeerkassie?

Pryse sal aangekondig word sodra die dekodeerkassies beskikbaar is. Mense wat nie kwalifiseer vir die staatsubsidie sal hul eie dekodeerkassies moet koop.

23. Dek hierdie subsidie slegs huishoudings met DTT?

Huishoudings met beide DTT- en DTH-ontvangs word deur die subsidie gedek.

24. Sal ek elke maand 'n intekenfooi moet betaal soos vir DStv?

Nee, die dekodeerkassie word eenmalig gekoop. Jy moet egter steeds jou televisielisensie betaal soos deur die wet vereis word.

25. Hoe pas Suid-Afrika in die wêreldwye uitsaailandskap in?

Suid-Afrika koördineer sy frekwensieplanne met ander lande om seker te maak dat daar geen inmenging in ander lande se uitsaaiseine is nie.

Dit beteken dat analoë uitsendings tans teen sturings beskerm word. Die Internasionale Telekomunikasiëunie (ITU) het egter opdrag gegee dat hierdie beskerming teen 2015 beëindig moet word. Bilaterale samesprekings met buurlande het reeds hervat om die uitdaging te vergemaklik.

26. Is hierdie migrasie elders in die wêreld uitgevoer?

Ja, voorbeelde van lande wat reeds ver gevorder het met hul migrasieprosesse, sluit in die Verenigde Koninkryk, Nieu-Seeland, Swede, die Verenigde State van Amerika, Frankryk en Mauritius. Alle lande is daartoe verbind om na digitale televisie oor te skakel.

27. Wie is die verskillende rolspelers en wat is hul verantwoordelikhede?

Die Regering

Die Regering is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die uitsaai-beleid oor digitale migrasie. Die Regering moet ook seker maak dat die fondse beskikbaar is vir die Skema van Eienaarsteun vir arm huishoudings en vir die ontwikkeling van 'n vervaardigingstrategie vir dekodeerkassies. Die Departement van Kommunikasie hanteer die proses namens die Regering.

Uitsaaiers

Terrestriële (aardgebonde) uitsaaiers moet hul dienste na digitaal migreer. Die uitsaaiers wat geraak word is die SAUK, e.tv en M-Net. Hulle sal verantwoordelik wees vir die vestiging van nuwe dienste en die migrasie van bestaande dienste na digitale seine. Uitsaaiers sal analoë en digitale dienste moet bestuur tydens die dubbele verligtings-

oorgangstydperk van ongeveer drie jaar waartydens beide die analoë en digitale seine parallel sal loop.

Seinverspreiders

Hulle is verantwoordelik vir die bekendstelling van die digitale netwerkinfrastruktuur namens uitsaaiers. Die belangrikste seinverspreiders is Sentech en Orbicom vir M-Net.

Suid-Afrikaanse Poskantoor (Sapo)

Sapo sal betalings vir die dekodeerkassies en die uitreiking van die dekodeerkassies verwerk en die installeerders van die toerusting betaal.

Usaasa

Usaasa se missie is om universele dienste en toegang tot inligting- en kommunikasietegnologie te fasiliteer en in stand te hou en moet as deel van sy mandaat gesubsidieerde dekodeerkassies versprei aan ongeveer vyf miljoen huishoudings wat TV-stelle besit en as behoeftig en verdienstelik beskou word.

Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (Okosa)

Okosa is verantwoordelik vir die regulering van die telekommunikasië- en uitsaaisektore. Okosa is ook verantwoordelik vir frekwensiebeplanning en -toekennings, en die uitreiking van lisensies vir digitale dienste. Nuwe digitale dienste kan nie sonder 'n lisensie of die magtiging van Okosa geloods word nie.

Vervaardigers

Hulle is verantwoordelik vir die vervaardiging van die dekodeerkassies, en moet seker maak dat die dekodeerders aan die vereistes van die standaardstelle voldoen.

Kleinhandelaars en verbruikersliggame

Hulle moet akkurate inligting aan die verbruikers verskaf sodat laasgenoemde die regte keuses maak wanneer hulle dekodeerkassies koop, en moet seker maak dat verkoops personeel behoorlik opgelei is om die verbruikers van die korrekte raad te voorsien. Hulle rol is ook om seker maak dat verbruikers dekodeerkassies kan koop voordat die analoë sein afgeskakel word.

Vakbonde

Hulle moet seker maak dat die digitale migrasie die materiële omstandighede van Suid-Afrikaners, veral die werksmag, sal verbeter. Voorts moet hulle seker maak dat Suid-Afrikaners goed toegerus is om hul eie toekoms in die land en in die ekonomie te bepaal. Die digitale migrasieproses bied geleenthede vir werkskepping ten opsigte van die vervaardiging van dekodeerkassies en antennes, asook die installering en herstel daarvan. Hierbenewens sal die vestiging van 'n inbelsentrum as deel van verbruikersteun ook werkgeleenthede vir jongmense skep.

GO DIGITAL SOUTH AFRICA

Vir verdere inligting, kontak:

DIE DEPARTEMENT VAN KOMMUNIKASIE:
DIGITALE MIGRASIE PROJEKANTOOR
Navrae: Mashuba Pula by 012 473 0061 of Occasiah
Mayisa by 012 473 0056
Webblad: www.doc.gov.za
E-pos: dtg@gcis.gov.za



the doc

Department:
Communications
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



DIGITALE TERRESTRIËLE TELEVISIE (DTT) – ALLES WAT JY MOET WEET

1. Wat is digitale migrasie?

Dit is die proses om van analoë na digitale televisie-uitsendings oor te skakel.

2. Wat is DTT?

Dit verwys na die gebruik van 'n netwerk van terrestriële (aardgebonde) sendertorings in teenstelling met satelliete in die ruimte vanwaar seine uitgesaai word.

3. Wat is die verskil tussen DTT-TV en direk-na-huis (DTH)?

Dit is bloot verskillende maniere om 'n sein uit te saai. Satellietelevisie saai uit van 'n satelliet in die ruimte vanwaar jy die sein ontvang via 'n satellietkottel. DTT gebruik senders op die grond om die sein uit te saai, wat jy dan deur middel van 'n TV-antenne en jou dekodeerkassie ontvang.

Die SAUK, e.tv en M-Net saai analoë seine terrestriel uit. DStv en TopTV saai digitale seine per satelliet uit.

4. Hoekom moet analoë televisie na digitale televisie oorgeskakel word?

Die Regering het besluit om in ooreenstemming met ander lande en gevorderde tegnologiese ontwikkelings wêreldwyd van analoë televisie na digitale televisie te migreer.

Die voordele van digitale TV-uitsendings sluit in:

- Helder klank.
- Meer kanale.
- 'n Digitale TV-gids wat maklik bygewerk kan word vir 'n akkurate programgids.
- Uitstekende beeldgehalte wat nie verswak vanweë 'n swakker TV-antennesein nie. Jou TV-beeld sal óf perfek wees óf daar sal geen beeld wees nie. Daar sal geen sneeuerige beelde wees nie.
- Uitsending van hoëdefinisie-beelde (HD 1080).

5. Wat het ek nodig om na DTT oor te skakel?

Jy het 'n dekodeerkassie nodig en dit hang af van die tipe toegang in jou omgewing of dit DTT of DTH is. Hierdie inligting sal weldra beskikbaar gestel word.

6. Beteken dit dat ek 'n nuwe M-Net-dekodeerder moet kry?

Ja, jou huidige M-Net-dekodeerder is 'n analoë dekodeerder wat deur 'n digitale dekodeerder vervang moet word, tensy jy DStv of TopTV het.

7. Wat is 'n geïntegreerde digitale televisie?

Binne 'n paar jaar kan dit moontlik wees om 'n TV-stel met 'n ingeboude

dekodeerder te koop. Dit staan bekend as 'n geïntegreerde digitale TV-stel, maar dit is nog nie in Suid-Afrika beskikbaar nie.

8. Het ek 'n nuwe TV-antenne nodig?

Waarskynlik nie, maar sommige kykers mag wel nuwe antennes nodig hê. Die behoefte aan 'n nuwe TV-antenne of die verstelling daarvan sal afhang van die sterkte van die DTT-sein in jou gebied.

9. Het ek drie dekodeerkassies nodig - een vir SABC, een vir e.tv en een vir M-Net?

Nee, net een. Jou dekodeerkassie sal die digitale kanale van al die gelisensieerde Suid-Afrikaanse uitsaaiers opvang. Gratis-na-lug-uitsaaiers sal hul eie dekodeerdeerkassies nodig hê, M-Net sal ook sy eie dekodeerder nodig hê.

10. Wat is die eienskappe of die tegniese spesifikasies van die toerusting wat ek nodig het om DTT op te vang?

DTT-uitsendings in Suid-Afrika gebruik die DVB-T2-tegnologie en MPEG-4-kompressie. Dus, om DTT-uitsendings op te vang, moet die tegniese spesifikasies van SANS862 aan die volgende twee voorwaardes voldoen:

- dit moet versoenbaar wees met die DVB-T2-standaard; en
- dit moet geskik wees vir MPEG-4-videodekodering.

11. Wanneer sal die dekodeerkassies te koop wees?

Hou die media dop vir 'n amptelike aankondiging oor wanneer hulle te koop sal wees

12. Wanneer raak dit my?

Die Minister van Kommunikasie sal ná raadpleging met die Kabinet die datum aankondig waarop analoë uitsendings afgeskakel sal word. As jy teen daardie datum nog nie 'n dekodeerkassie het nie, sal jy nie na enige televisieprogramme kan kyk wat deur jou televisie-antenne opgevang word nie.

13. Wat moet ek doen as ek 'n DStv- of TopTV-intekenaar is?

Niks nie. Die omskakeling na DTT raak slegs uitsendings wat deur 'n terrestrië (aangebode) TV-antenne opgevang word. DStv- en TopTV-programme wat deur 'n satellietkottel opgevang word, is reeds in 'n digitale formaat.

14. Sal ek na DTT kan kyk as ek slegs 'n satellietkottel het?

Nee, jy moet 'n televisie-antenne laat installeer en 'n dekodeerkassie aan jou DStv-stelsel koppel om ook na DTT-programme te kan kyk.

15. As ek drie TV-stelle in die huis het, het ek dan drie nodig?

Jy het slegs drie dekodeerkassies nodig as jy wil hê dat dié drie op dieselfde tyd verskillende kanale moet vertoon; anders sal een dekodeerkassie dieselfde program op meer TV's vertoon.

16. Het ek 'n hoëdefinisie-televisie (HD-TV) nodig vir die omskakeling na DTT?

'n HD-TV is nie 'n vereiste om na digitale uitsendings te kyk nie, maar as die programinhoud in hoë definisie opgeneem is, sal die gebruiker van 'n HD-TV die beelde duideliker en in meer detail sien as wat ooit met analoë uitsendings moontlik was.

17. Wat moet ek doen as my dekodeerkassie nie 'n goeie TV-beeldgehalte bied nie?

Dit kan veroorsaak word deur 'n defekte TV-antenne of -bedrading of deur seinopvangprobleme soos 'n meerbaanfout. Kontakbesonderhede vir verbruikersbystand sal mettertyd aangekondig word. Hou die media dop vir 'n amptelike aankondiging.

18. Kan ek met DTT steeds my DVD- of videospeler/opnemer gebruik?

Ja. Die DTT-dekodeerkassies het gewoonlik bykomende uitsette wat aan 'n DVD/video-opnemer of-speler gekoppel kan word.

19. Moet ek 'n nuwe TV-stel koop om DTT te ontvang?

Nee. Alle analoë TV-stelle sal DTT kan ontvang. Neem kennis dat geen televisie wat tans op die mark is die digitale TV-kanale sonder die dekodeerkassie sal kan ontvang nie. 'n TV-stel wat "digitaal-gereed" of "hoëdefinisie-gereed" is kan nie 'n digitale televisie-uitsending sonder 'n dekodeerkassie ontvang nie.

20. Hoe stel ek vas of my TV-stel versoenbaar is met die dekodeerkassie?

Alle TV-stelle is versoenbaar met die dekodeerkassie.

21. Is daar 'n subsidie beskikbaar om die DTT-toerusting te bekom? Wat gebeur as ek die dekodeerkassie nie kan bekostig nie? Beteken dit dat ek ná die migrasie nie TV sal kan kyk nie?

Die Regering sal gratis dekodeerkassies aan meer as vyf miljoen arm huishouding wat TV's besit veskaf. Voorkeur sal gegee word aan huishoudings in die grensgebiede van die land en mense wat rondom die Square Kilometer Array (SKA) in die Noord-Kaap woon.

Die volgende groepe kom in aanmerking vir die subsidie:

- Behoeftige Suid-Afrikaners met 'n groen ID-boek.
- Huishoudings wat 'n werkende TV-stel het en nie intekenaars van betaaltelevisiedienste is nie.
- Huishoudings wat afhanklik is van maatskaplike toelaes.
- Huishoudings wat reeds deur die SAUK se televisielisensie-koncessieskema gedek word.
- Huishoudings in die grensgebiede van die land en mense wat rondom die Square Kilometer Array (SKA) in die Noord-Kaap woon.